# Staat moet húlle betyds betaal, sê minister

Nathi Nhleko, minister van openbare werke, meen die staat moet beter na sy kontrakteurs kyk deur veral te sorg dat hulle betyds vir voltooide werk betaal word.

Klagtes van kontrakteurs wat wag op hul geld moet so spoedig moontlik opgelos word, lui 'n verklaring wat Nhleko se kantoor uitgereik het.

"Deur kontrakteurs nie te betaal nie word die land se ontwikkelingsdoelwitte ondermyn," sê Nhleko.

Hy en amptenare van sy departement het vandeesweek met kontrakteurs in KwaZulu-Natal vergader.

"Armoede en onstabiliteit gaan bloot vererger as ons nie daadwerklike stappe doen om kontrakteurs van historiese agtergeblewe groepe te laat groei nie. Daar is 'n verhouding tussen die pas van ontwikkeling en die behoud van die samelewing. Dié wat niks het nie, gaan in opstand kom teen dié wat het, as ons nie verbind is tot transformasie nie," het Nhleko op die vergadering in Durban gesê. Die boubedryf se ontwikkelingsraad (CIDB), raad vir die bouomgewing en onafhanklike ontwikkelingstrust was ook op die vergadering.

> **Deur kontrakteurs nie te betaal nie word die land se ontwikkelingsdoelwitte ondermyn.**
>
> — NATHI NHLEKO

Ná talle klagtes oor die CIDB se afgradering van opkomende kontrakteurs, sê die minister hy vertrou dat die transformasieprogram wat die raad in werking gaan stel, opkomende kontrakteurs se kommer sal weerlê. "Daar is nou 'n moratorium op afgraderings en belanghebbendes sal ingelig word oor die ander maatreëls om transformasie in die boubedryf verder te voer wanneer die CIDB-raad landwyd vergaderings hou."

Sanisani Mkhize, voorsitter van die KwaZulu-Natalse Kontrakteursforum, beklemtoon dat staatsamptenare hul houding moet verander.

"Kontrakteurs kan nie twee jaar op betaling wag nie."